

God se woonplek is nou by die mense (OP23)

Openbaring 21:1, 3-4

10 Januarie 2021

Ons het reeds na 6 onderafdelings van die boek Openbaring gekyk, en is op die oomblik besig om na die sewende onderafdeling te kyk. In die vorige 6 het ons gesien dat elkeen 'n beskrywing gee van die periode tussen Jesus se eerste en tweede koms, weliswaar uit verskillende hoeke. Ons het ook gesien dat elkeen van hierdie onderafdelings afgesluit het met 'n beskrywing van die finale oordeel – weliswaar word daar in die vroeëre onderafdelings relatief min inligting gegee, terwyl die detail toeneem soos wat ons deur die boek gevorder het. In die sewende onderafdeling word dieselfde periode tussen Jesus se eerste en tweede koms gedek, en ons het ook alreeds na heelwat detail rakende die finale oordeel gekyk in Op 20. Wat egter uniek is aan die sewende onderafdeling is dat dit 'n beskrywing insluit van die nuwe hemel en aarde, asook die nuwe Jerusalem – in Op 21: 1-22:5. Ons begin vandag om hieraan aandag te gee.

Wat ons in hierdie gedeelte lees, vind plaas na die finale oordeel. Ons vind hier 'n beskrywing van die toekomstige era wat die gelowiges saam met God sal belewe. Dit is sekerlik so, dat gelowiges alreeds in hierdie lewe aspekte hiervan beleef, maar die volheid hiervan lê steeds in die toekoms. Ons oordenking vandag fokus op sekere aspekte van die komende nuwe hemel en aarde.

Die nuwe hemel en nuwe aarde (Op 21:1,3-4)

In vers 1 lees ons dat Johannes 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien het. Hy voeg ook by dat die eerste hemel en die eerste aarde verdwyn het, of soos die OAV dit stel, hulle het verbygegaan. Hier word duidelik onderskeid gemaak tussen 'n eerste hemel en eerste aarde, wat dan verdwyn of verbygaan, en dan kom daar 'n nuwe hemel en nuwe aarde. Ons het hierdie beginsel van 'n eerste gevolg deur 'n tweede, of 'n eerste gevolg deur 'n nuwe al verskeie kere gesien. Dink maar aan die eerste dood (fisiese dood) en die tweede dood (vuurpoel-dood), eerste opstanding (geestelik) en tweede opstanding (fisiese), Jesus se eerste koms waar Hy oorwinning behaal en Sy tweede koms waar Sy koninkryk volheid bereik, of dink aan die ou verbond en die nuwe verbond. Wat telkens duidelik word as jy die eerste en tweede (of nuwe) element vergelyk, is dat daar groei of vordering is. Ons kan verwag dat dit ook die geval sal wees as ons die nuwe hemel en aarde gaan vergelyk met die eerste hemel en aarde.

Laat ek direk byvoeg, as ons praat van 'n nuwe hemel en aarde, is meeste kommentare dit eens dat die nuwe hemel en aarde nie totaal onverwant is met die eerste hemel en aarde nie, dit is nie totaal anders nie. Dit is hierdie hemel en aarde wat nuut gemaak word. Ek hoop dit sal duidelik word soos wat ons na die detail kyk.

Die eerste hemel en aarde

Om die nuwe hemel en aarde te verstaan, moet ons eers weer na die eerste hemel en aarde gaan kyk. Gen 1:1 is baie duidelik oor waar die eerste hemel en aarde vandaan kom: In die begin het God die hemel en aarde gemaak. En natuurlik leer die eerste paar Genesis hoofstukke ons baie van hierdie eerste hemel en aarde. Gen 1 leer ons dat God (Elohim) in 6 dae die hemel en aarde gemaak het. Dae 1-3 beskryf hoe Hy lig en donker, water onder die gewelf en water bo die gewelf, asook die see en droë grond geskei het. Op dag 4 skep Hy die son, maan en sterre en stel hulle aan om te heers oor dag en nag en die seisoene, op dag 5 skep Hy die voëls en die visse en gee aan hulle die opdrag om te vermeerder en vul, op dag 6 skep Hy die diere wat ook moet vermeerder en vul, en natuurlik ook die mens as die kroon van Sy skepping wat na Sy beeld geskape is. Van die mens verwag God dat

hulle moet vermeerder en die aarde moet vul, hulle moet heers en die aarde onderwerp, en boonop moet hulle die sewende dag as rusdag hou en heilig. Gen 2 beskryf vir ons nog meer detail rondom die skepping van die mens. Hier is dit die Verbondsgod (Jahwe) wat handel. Ons leer dat Hy juis 'n tuin in Eden aangelê met die doel dat die mens daar moet woon en dit moet bewerk en oppas (Gen 2:8, 15). Dit is ook hier in die tuin van Eden dat die boom van kennis van goed en kwaad is waarvan die mens nie mog eet nie, en natuurlik staan die boom van die lewe ook daar.

Wat ons moet raaksien is dat die tuin van Eden net 'n gedeelte van die eerste aarde was. Hierdie tuin was die mens se woonplek. Daar was volop kos vir hulle, en hulle moes die tuin oppas en bewerk. Maar bo en behalwe dat hulle in die tuin moes werk, moes hulle ook die aarde onderwerp. Hulle moes dus die tuin se grense uitbrei totdat dit die hele aarde vul. Intussen moes hulle ook vermeerder om die aarde te vul – nie net die tuin nie, nee die aarde moet gevul word. Wat ons moet raaksien is dat aan die einde van God se skeppingswerk, was daar die eerste hemel en aarde. Maar dit was nooit God se doel dat dit netsoos wat dit toe was aan die einde van die skeppingsweek moes voortbestaan nie. God het 'n verantwoordelikheid aan die son, maan, sterre, die voëls en die visse, die diere en veral aan die mens gegee. Hulle moet heers deur die aarde te onderwerp en die tuin uit te brei, terwyl hulle ook die tuin oppas en bewaak, hulle moet die aarde vul met mense, en hulle moet God dien deur die rusdag te heilig en ook nie te eet van die boom van kennis van goed en kwaad nie. Die eerste hemel en aarde was sodanig geskape dat dit goed was vir die doel wat God wou bereik daarmee – en die mens het 'n groot verantwoordelikheid gehad om na daardie doel te werk. God het van die begin af 'n groter doel gehad as die eerste hemel en aarde aan die einde van die skeppingsweek.

Maar daar is nog 'n aspek van die eerste hemel en aarde wat ons moet raaksien. In Gen 3:8 lees ons hoe God in die tuin gewandel het teen die tyd dat die aandwind opkom. Let op daar word spesifiek gesê dat God in die tuin gewandel het – nie op die aarde gewandel het nie. Die tuin was juis Adam en Eva se woonplek. En as God in die tuin wandel, soek Hy juis vir Adam en Eva. Dit laat die indruk dat God by hulle wil wees, selfs by hulle wil woon. Maar let op, Hy wil in daardie besondere deel van die aarde, die tuin, wees – die tuin wat Hy verag Adam en Eva sal uitbrei tot dit die hele aarde vul.

Dit is nou interessant dat die tuin van Eden sterk ooreenkomste toon met die tabernakel – wat natuurlik later juis God se woonplek onder die volk sou wees – kyk maar net na Eksodus 25:8-9 waar God aan Moses die opdrag gee dat hulle die tabernakel moet bou: “Hulle moet vir My 'n heiligdom oprig dat Ek tussen hulle kan woon. Die tabernakel en al sy toebehore moet gemaak word presies volgens die plan wat Ek jou gewys het”. Kan ek enkele ooreenkomste uitwys tussen die tuin van Eden en die latere tabernakel:

- God het die tuin aangelê, en God het ook die opdrag aan Moses gegee dat hulle die tabernakel moet bou.
- God het Sy skepping, insluitend die tuin van Eden, geïnspekteer en bevind dat dit goed was. Moses het na hulle die tabernakel gebou het, dit noukeurig geïnspekteer om seker te maak dit was presies soos God dit voorgeskryf het (Eks 39:43).
- In die tuin van Eden was die boom van die lewe, wat herinner aan die lampstaander in die Heilige in die tabernakel wat versier was soos 'n boom met blomme, blomknoppe en blare – en sekerlik wys altwee heen na Jesus wat die lewe is, wat die lig is.
- In die tuin van Eden was die boom van kennis van goed en kwaad waardeur hulle sou leer wat goed en kwaad is. In die Allerheiligste in die verbondsark het die wet gelê wat die volk moes leer wat goed en kwaad is.

- In die tuin van Eden was daar 'n rivier wat eers die tuin benat het en dan verdeel het en verder gevloei het. Dink aan Esegïel se visioen van 'n tempel waaruit daar 'n rivier gevloei het wat lewe gebring het sover as wat dit gevloei het.
- In die tuin van Eden was daar goud, balsem, en oniks. In die tabernakel was die meublement in die Heilige en Allerheiligste van goud, die priesters se salfolie en die wierookoffers is van balsem gemaak, en oniks was van die stene wat op die hoëpriester se klere gewerk is.
- Die ingang van die tuin was aan die oostekant. Die tabernakel is altyd so opgeslaan dat sy opening aan die oostekant was.

Wat is die punt? Die punt is God wil van die begin af by Sy mense woon. Daarvoor lê Hy 'n tuin aan – die eerste tabernakel. Dit is waar Adam en Eva kan woon (voor die sondeval), en dit is ook waar Hy by hulle kan woon.

Maar dan val Adam en Eva in sonde. Een van die gevolge is dat God hulle uit die tuin uitjaag. Nou is hulle buite die tuin – daar waar daar dorings en dissels is. Hulle is hulle woonplek kwyt. Boonop is hulle die woonplek kwyt waar God by hulle kon woon. Maar dan begin God om 'n pad met hulle te stap. Ons kan nie nou na al die aspekte daarvan kyk nie. Maar God kies Israel as Sy uitverkore volk, en Hy lei hulle uit Egipte. Op pad na Egipte, kom hulle by Sinai. Hier gee God Sy wet aan hulle, maar Hy gee ook aan hulle die opdrag om die tabernakel te bou. Daardie tabernakel bevat al die elemente wat destyds in die tuin van Eden was, wat ons netnou na gekyk het. Maar daar is boonop drie elemente in die tabernakel wat nie in die tuin was nie: die brandofferaltaar en die waskom in die voorhof, asook die verbondsark in die Allerheiligste. Nou, onthou nou wat ons al vantevore gesê het oor die simboliek van die tabernakel:

- Die voorhof waar die brandofferaltaar en die waskom staan simboliseer regverdigmaking. Sondaars moet gewas word (in die waskom) in die bloed van die Lam, Jesus, wat op die brandofferaltaar geslag word. Hoekom was hierdie element afwesig in die tuin? Want daar was nog nie sonde nie.
- Die Heilige waar die kandelaar (ekwivalent aan die boom van die lewe), tafel met die toonbrode (ekwivalent aan die riviere in Eden – water van die lewe is ekwivalent aan brood van die lewe) en die wierookaltaar (ekwivalent aan die offers van gehoorsaamheid en aanbidding wat Adam en Eva in die tuin ook moes bring) simboliseer heiligmaking. Sien, Adam en Eva is aanvanklik sonder sonde geskape, maar God het van hulle verwag om heilig te bly terwyl hulle Sy opdragte uitvoer totdat die hele aarde onderwerp sou wees.
- Die Allerheiligste illustreer heerlikmaking. In die tabernakel was die verbondsark in die Allerheiligste. Binne in die verbondsark was God se wet. Daarteenoor was daar in die tuin nie 'n verbondsark nie, maar wel die boom van kennis van goed en kwaad. As iemand in die Allerheiligste wil inkom, moet hy heilig wees. Adam en Eva moes aan die eis van die verbod om te eet van die boom van kennis van goed en kwaad gehoorsaam wees tot die einde toe, as hulle in heerlikmaking wou deel. Daarteenoor, was daar die wet in die Allerheiligste in die tabernakel – maar dit was binne in die verbondsark – waarop die bloed van Jesus gesprinkel is!

Sien jy die verskil tussen die pad wat Adam en Eva moes loop na heerlikmaking, teenoor die pad wat gelowiges moet loop? Adam en Eva moes perfek gehoorsaam bly tot al God se opdragte uitgevoer is en die aarde onderwerp was. As hulle een keer sou faal, sou hulle sterf – en daar was geen brandofferaltaar, waskom of verbondsark om vir hulle versoening te doen nie. Verstaan jy hoekom God hulle uit die tuin gedryf het na die sondeval? Want Hy het lankal reeds die plan gehad dat daar 'n nuwe lewende weg gaan wees waarvolgens hulle wel by heerlikheid kan uitkom – 'n pad by die brandofferaltaar en die waskom verby, waar hulle geregverdig kan word in die bloed van die Lam, 'n

pad deur die Heilige waar hulle onder leiding van die Heilige Gees kan groei in heiligmaking deurdat hulle in die Lig kan wandel, van die brood van die lewe kan eet, boonop die Lig in die wêreld kan laat skyn en aan ander ook die brood van die lewe kan aanbied, en natuurlik wierookoffers op die wierookaltaar kan bring, 'n pad tot in die Allerheiligste waar hulle heerlik gemaak kan word, omdat Jesus se bloed op die versoendeksel gespreinkel is en God hulle lewens kan meet aan Sy wet omdat hulle skoon gewas is in Sy bloed.

Nou, die bewandeling van hierdie nuwe lewende weg deur gelowiges geskied in die periode tot met Jesus se wederkoms en die finale oordeel. Dit is alles deel van die eerste hemel en aarde.

Die Nuwe Testament vat natuurlik die konsep van tabernakel of tempel na nog 'n hoër vlak: 1 Kor 3:9b beskryf gelowiges as die gebou van God, waarvan Christus die fondament is. Vers 16 beskryf gelowiges as die tempel van God waarin die Heilige Gees woon. En 1 Pet 2:5 beskryf gelowiges as lewende stene in hierdie gebou wat dienooreenkomstig opgebou moet word.

Die nuwe hemel en nuwe aarde

Kom ons keer nou terug na Op 21. Onthou, wat hier beskryf word, realiseer na die finale oordeel. Johannes sê hy sien dat die eerste hemel en aarde verdwyn het, of verbygegaan het. Ons het dit ook al in vers 11 gelees – hulle het voor die Een wat op die troon sit padgegee. Met die oopmaak van die sesde seël (Op 6:12ev) het ons gesien die son word swart, die maan soos bloed, die sterre het op die aarde geval, die hemel is opgerol soos 'n boekrol en die berge en eilande is uit hulle plekke geskud. Lees 2 Pet 3:10-13. Petrus beskryf die gebeure as die hemelliggame wat verbrand en die aarde wat vergaan. Of dink aan Rom 8:21. Hier lees ons wat dan gebeur is dat die eerste hemel en aarde bevry word van die verganklikheid waaraan dit onderwerp is. Van watter verganklikheid praat ons? Van die verganklikheid wat in die eerste skepping gekom het a.g.v. die werk van die duiwel toe hy die mensdom verlei het, en God dit aan die verganklikheid onderwerp het. Waarvan praat ons? Ons praat van dood – fisies en geestelik, van swaarkry en ellende, van leed, smart en pyn. Soveel so dat die hele skepping sug. Maar genadiglik het God in Gen 3 saam met die verganklikheid ook Sy verlossingsplan geïnisieer. Teen die tyd dat Op 21 realiseer, het hierdie verlossingsplan sy loop geneem – almal wat Hy uitverkies het, het nou ingekom langs die nuwe lewende weg. Hulle het almal wit klere aan. Hulle liggame het ook nou opgestaan en is verenig met hulle siele. Hulle is nou uiteindelik in heerlikheid by God! Boonop het ons gesien die duiwel, die dier uit die see en die aarde, al die goddelose mense is reeds in die poel van vuur gegooi. Babilon het geval. Selfs die dood en die doderyk is in die vuurpoel gegooi. Al wat oorbly is dat die skepping ook vrygemaak moet word sodat dit nou kan pas by hierdie heerlikheid van die kinders van God. Vir die doel moet dit skoon gebrand word – soos Petrus dit beskryf. Al die effekte van die duiwel en sy gevolg moet weggebrand word. As al God se vyande in die vuurpoel is, en die skepping is nuutgemaak – dan kan realiseer wat Op 21:4 beskryf: dan sal daar nie meer trane wees nie, nie meer dood nie, nie meer leed smart en pyn nie – nee hierdie eerste dinge (OAV – hierdie dinge van die eerste hemel en aarde) het dan verdwyn!

Maar daar is iets nog meer heerlik wat dan kan realiseer. Omdat al God se vyande geëlimineer is, en omdat al die effekte wat hulle op die eerste hemel en aarde gehad het, weggebrand is toe die hemel en die aarde nuut gemaak is, daarom kan daar 'n harde stem van die troon af roep: Kyk die woonplek van God is nou by die mense! (OAV: Kyk die tabernakel van God is nou by die mense!) (Op 21:3)

- Gaan dit wees soos toe God destyds in die tuin kom wandel het? Nee, baie beter! God kom nie net in die tuin wandel nie, nee die hele aarde is nou tuin, is nou God se woonplek! Die aarde is onderwerp en nuutgemaak! Dit is nou alles paradys! Dit is nou alles tabernakel, en God kom

daar woon! Daar is nie meer 'n slang wat kom om ons te verlei nie – trouens daar is nie meer 'n boom van kennis van goed en kwaad nie.

- Gaan dit wees soos toe God se heerlijkheid destyds die tempel/tabernakel gevul het en Hy sodoende onder die volk gewoon het? Nee, baie beter! Daar kon die volk maar net in die voorhof kom, net die priesters in die Heilige en net die hoëpriester een maal per jaar in die Allerheiligste. Maar nou daal al God se kinders as deel van die Nuwe Jerusalem uit die hemel neer en kom woon op hierdie nuwe aarde – saam met God!
- Gaan dit wees soos wat Paulus en Petrus gelowiges beskryf as lewende stene wat opgebou word in die huis van God waarin Hy woon (1 Kor 3:9b, 16, 1 Pet 2:5)? Nee, baie beter! Dan is ons klaar opgebou. Ons is vlekloos, skoon en onberispelik!

Dink jy ooit hieroor? Ons as gelowiges dink dikwels aan die hemel as ons eindbestemming. Maar dis bloot vir daardie tussen periode tussen ons afsterwe tot met die wederkoms. Met die wederkoms staan ons liggame op, en ons kom woon as mense met siele en liggame op hierdie aarde. Die verskil is: Ons liggame is verheerlik. Ons siele is onberispelik. Die aarde is nuutgemaak. En waarskynlik die heel grootste verandering: God self kom by ons woon. Ons raak dikwels opgewonde oor die hiernamaals omdat daar nie meer leed, smart en pyn sal wees nie – en dit is sekerlik verstaanbaar, en iets om oor opgewonde te wees. Maar dink daaraan: God self kom by ons woon! Al ons skeppingsopdragte is voltooi: die aarde is dan onderwerp, die aarde is gevul net met mense wat God dien, almal wil God gehoorsaam. Daar is net een verantwoordelikheid wat oorbly: Al ons aandag sal gefokus wees om aan God die lof te bring wat Hy waardig is – daar in die paradys, in die tabernakel, in die Nuwe Jerusalem, op die nuwe aarde onder die nuwe hemel – waar Hy saam met ons woon!